



Publication		
DIE BURGER - SAKE 24		
Page	Date	AVE (ZAR)
15	Mon 16 Apr 2018	3717.76



Voorafbetaal-meters het eie 'Y2K'-probleem

Francois Williams

Die sowat 7 miljoen meters vir voorafbetaalde krag in Suid-Afrika sal voor 2024 aangepas moet word weens 'n unieke identifikasiekodestelsel wat dan verstryk.

Alle munisipaliteite, verkopers van voorafbetaalde krag en vervaardigers van voorafbetaal-kragmeters is gewikkel in 'n resies teen tyd om die nodige veranderinge aan sagteware en ander verstellings betyds gedoen te kry, want ná November 2024 sal 'n voorafbetaal-kragmeter nie meer die kode aanvaar wat 'n verbruiker moet intik om 'n nuwe kwota krag te laai as sy meter nie aangepas is nie.

Meer inligting oor dié veldtog word in Mei op Africa Utility Week, 'n jaarlikse konferensie vir die kragbedryf in Kaapstad, gegee.

Don Taylor, direkteur van die Standaardoordragspesifikasievereniging (STSA), sê die probleem lê by die stelsel waardeur elke bewyskode waarmee krag gekoop word, geïdentifiseer word.

Die bewysidentifikasie van 24 syfers word bereken as die getal minute wat verstryk het sedert 'n spesifieke datum in 1993, toe Suid-Afrika vir die eerste keer standarde vir voorafbetaalde krag ingestel het.

Dit is aanvanklik deur Eskom ontwikkel, maar dit is die STSA, 'n onafhanklike vereniging wat in 1997 tot stand gebring is, se werk om die sekeringstandaarde vir die hele voorafbetaal-meterbedryf te handhaaf.

Taylor sê die bewysidentifikasie se beperkte reeks syfers sal teen

November 2024 verstryk. Dan sal alle voorafbetaal-kragmeters nie meer nuwe bewyscodes kan aanvaar nie. Elke meter se geheue sal skooongemaak en sy enkripsiekode voor 2024 verander moet word.

Taylor sê 'n kragmaatskappy of die eindverbruiker sal elke meter moet hersien.

Die STSA raam daar is tans sowat 7 miljoen voorafbetaal-kragmeters in Suid-Afrika.

Die tegnologie en die STSA se standarde is mettertyd ook in die buiteland aanvaar, wat beteken byna 50 miljoen voorafbetaal-kragmeters wêreldwyd sal voor 2024 aangepas moet word.

Vrae oor presies hoeveel die aanpassing aan meters gaan kos en wie die koste gaan dek, is nog nie beantwoord nie.

Skeptici meen dit klink baie soos die histerie oor Y2K in die aanloop tot 1 Januarie 2000, toe geglo is rekenaars en tegnologiese toerusting gaan wêreldwyd 'n sekonde ná middernag ophou werk, maar Taylor is ernstig dat kragverspreiders soos munisipaliteite erns moet maak daarmee om meters betyds aan te pas sodat alles al 'n jaar voor 2024 gereed is.

Vervaardigers moet ook sorg dat al die nuwe meters wat hulle vervaardig, geprogrammeer word om die 2024-probleem te vermy.

Die STSA het tans sowat 170 lede in 36 lande.

Taylor meen daar is sowat 50 miljoen voorafbetaal-kragmeters in 102 lande wat die tegnologie gebruik wat in Suid-Afrika ontwikkel is om die voorafbetaling van krag moontlik te maak.